4244

GEHEIM SECRET

SECRETARIATE OF THE STATE SECURITY COUNCIL
PRIVATE BAG/PRIVAATSAK X284
-6-05- 1985
PRETORIA 0001
SEKRETARIAAT VAN DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD

KATEGORIE "B"
PARAFRASE BENODIG
GEEN ONGEKLASSIFISEERDE
ANTWOORD OF VERWYSING

Lasseer op 22/3/1/12 en merk uit aan HTS [signature] 7/5

DEEL EEN VAN TWEE DELE GS2/461/02 MEI 85 G E H E I M
WDTG 021730B
VAN H LEER 2
AAN MIL SEK PTA + KAAP H SAW PTA + KAAP SSVR
INFO H SAW2 H LEER 31
BT
G E H E I M GS2/461/02 MEI 85
VIR AANDAG [redacted]
1. 205/11/2 GVS-GIS NOTULE VERGADERING GEHOU TE SAP HOOFKANTOOR PTA OP 02 MEI 85 OM 09H00.
2. INHOUD NOTULE AS VOLG :- HAAL AAN:
A. OPENBARE ONRUS EN GEWELDPLEGING
I. GEDURENDE DIE AFGELOPE 24 UUR HET 63 VOORVALLE VAN OPENBARE ONRUS EN GEWELDPLEGING VOORGEKOM, 9 IN OOS-KAAP, 9 IN NOORD-TRANSVAAL, 15 IN OOS-RAND, 12 IN NOORD ORANJE VRYSTAAT, EN 18 VERSPREID IN DIE RES VAN DIE LAND. 9 WAS TEEN DIE SAP, DIE SASP EN HUL LEDE GERIG, 6 TEEN DIE ONTWIKKELINGSRAAD EN SY LEDE EN 3 TEEN SKOLE.
II. NUWE PLEKKE DEUR ONRUS GERAAK: BATHOENG (POTCHEFSTROOM) EN WARMBAD (TVL).
III. ONGEVALLE:

PERSONE DEUR SAP GEWOND	- 1
PERSONE DEUR SASP GEWOND	- 1
PERSONE DEUR OPROERIGES BESEER	- 2 (SLUIT IN 1 WITVROU)
PERSONE DEUR RAADSLID GEDOOD	- 1
ARRESTASIES	- 95 (SLUIT IN 1 WITMAN)
BERAAMDE SKADE	- R242 330

B. SKOLEONRUS EN BOIKOTTE
GEAFFEKTEERDE SKOLE TOON N TOENAME VAN 157 OP 30/4 TOT 208 OP 1/5. DIT HET VERAL IN DIE OOS RAND TOEGENEEM WAAR ONRUS IN DIE WOONBUURTE OOK TOEGENEEM HET.
C. VERWIKKELINGE/SITUASIES/GEBEURE WAT ONRUSPOTENSIAAL INHOU.

I. NUWE-KRUISPAD
N VERGADERING IS OP 30/4 HIER GEHOU. DIE VOORSITTER, N KOMITEE-LID VAN NUWE-KRUISPAD, HET AAN DIE AANWESIGES GESE DAT ELKE INWONER VAN NUWE-KRUISPAD R25 MOET GEE OM PLAKKERLEIER NGXOBONGWANA SE VERDEDIGINGSKOSTE TE BETAAL. PERSONE WAT WEIER SAL AAN ALMAL MOET VERDUIDELIK WAAROM HULLE WEIER. VERTOLKING: DIT KAN GESIEN WORD AS N VORM VAN INTIMIDASIE WAT MOONTLIK TOT GEWELDPLEGING KAN LEI.
II. KWANOBUHLE, P.E.
DAAR IS AANDUIDINGS DAT DIE UDF DIE BEHEER EN BESTUUR VAN KWANOBUHLE SWART WOONGEBIEDE OORGENEEMG HET. N MEMORANDUM WAT DEUR DIE STADSKLERK VAN KWANOBUHLE OPGESTEL IS EN AAN DIE HOOFDIREKTEUR VAN DIE OOS KAAP ONTWIKKELINGSRAAD GESTUUR IS, WORD AS BYLAAG 1 TOT HIERDIE VERSLAG AANGEHEG.

III. LEEUDORINGSTAD.
N ONRUSATMOSFEER HEERS ONDER SWART SKOLIERE. LEERLINGE HET IN STRATE GETALM, PLAKKATE OP DIE SKOOLHEKKE GEPLAK MET DIE STREKKING DAT DIE SKOOL NIE BYGEWOON MOET WORD NIE. EN HET LATER SAAMGEDROM.
KOMMENTAAR HIERDIE ATMOSFEER MAG TOT MOONTLIKE ONRUS LEI.
IV. MEIDAG AKTIWITEITE.
DIE STAY AWAY AKSIES WAT RONDOM MEIDAG BEPLAN IS, HET NOG NIE GEREALISEER NIE. SKOLEBOIKOTTE EN VERGADERINGS HET WEL GEREALISEER, MAAR HET NIE DIE AFMETINGS AANGENEEM SOOS BEPLAN IS NIE.
VERTOLKING: DIE HUIDIGE EKONOMIESE KLIMAAT, PRO-AKTIWIEWE AKSIES WAT GENEEM IS EN N UITSPRAAK GEMAAK DEUR DIE UDF DAT MENSE SO MOET OPTREE DAT DAAR NIE TEEN HULLE OPGETREE KAN WORD NIE, HET WAARSKYNLIK DAARTOE AANLEIDING GEGEE DAT DIE MEIDAG VERRIGTINGE STIL VERLOOP HET. DAAR MOET EGTER IN GEDAGTE GEHOU WORD DAT BEPLANDE AKTIWITEITE TOT 5 MEI STREK.

D. PLAASLIKE BEVOLKING SE GEVOEL TEENOOR ONLUSTE: DAAR WORD UIT TWEE OORDE GERAPPORTEER DAT SWART PLAASLIKE BEVOLKING IN DIE GEAFFEKTEERDE GEBIEDE VOEL DAT DIE REGERING BY NAME DIE POLISIE, BAIE STRENGER MOET OPTREE SOU HULLE DIE ONLUSSITUASIE WOU BESWEER.
E. AANBEVELING: VOORGESTELDE OPTREDE TEEN BELHAMELS.
I. DIE GEVOEL VAN HIERDIE GIS IS DAT ALVORENS DIE ONLUSSITUASIE EFFEKTIEF BESWEER KAN WORD BELHAMELS SELEKTIEF GEELIMINEER MOET WORD.
II. DIE GEDAGTE RONDOM ELIMINERING IS TWEELEDIG:
1. DIE FISIESE SKIET VAN VOORLOPERS IN DIE ONLUSSITUASIE WAT HULLE SKULDIG MAAK AAN BYLAF 1 OOR OORTREDINGS.
2. DIE VERWYDERING VAN INTIMIDEERDERS.
III. IN DIE LAASTE GEVAL WORD DAAR SPESIFIEK GEDINK AAN DIE SKOLE EN ARBEIDSITUASIE. HIER WORD GEVOEL DAT WANNEER BELHAMELS VERWYDER WORD, HULLE OOK OP N MANIER FISIES BEPERK MOET WORD, SOVEEL SO DAT HULLE UIT SIRKULASIE GENEEM EN GEHOU WORD.
IV IN DIE VERBAND IS BESTAANDE WETGEWING ONVOLDOENDE VIR EFFEKTIEWE OPTREDE TEEN POLITIEKE BELHAMELS. DAAR WORD DUS AANBEVEEL DAT INDRINGEND AANDAG GESKENK WORD AAN DIE UITBREIDING VAN WETGEWING OM SOODOENDE PROAKTIEF TE KAN OPTREE OM DIE SITUASIE TE ONTLONT.
V. DAAR MOET VERDER AANDAG GESKENK WORD AAN DIE MOONTLIKHEID DAT SIVIELE EISE INGESTEL MOET WORD TEEN ORGANISASIES OF PERSONE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE BESKADIGING VAN INSTALLIES/EIENDOMME. SODOENDE SAL DIE GELDELIKE VERMOEENS VAN DIE SUBVERSIEWE ELEMENTE OOK UITGEPUT WORD.
F. BYLAAG 1.
BEHEER EN BESTUUR VAN KWANOBUHLE SWART WOONGEBIEDE
I. OP 9 APRIL 1985 WAS DIE VOLGENDE INLIGTING VAN TWEE SWART INFORMANTE VERKRY.
EINDE DEEL EEN VAN TWEE DELE GS2/461/02 MEI
BT
NNNN

KOMM...
02 5 1985
ARM...
COMMUN...

GEHEIM
SECRET

M

FINALE DEEL VAN TWEE DELE GS2/461/02 MEI 85

II. DIE UDF HET WYKSKOMITEES AANGESTEL OM HUISHOUDELIKE AANGELEENTHEDE VAN DIE INWONERS, IN DIE VERSKILLENDE WYKE TE HANTEER. VOORMALIGE STADSRAADSLEDE DIEN AS VOORSITTER VAN DIE MEESTE WYKSKOMITEES [redacted].

III. NA BEWERING IS BOODSKAPPERS NA LOSSEERDERS EN HUISEIENAARS GESTUUR OM HULLE MEE TE DEEL DAT N BEDRAG VAN R10-00 PER MAAND AAN HIERDIE KANTORE TEN OPSIGTE VAN HUUR- EN DIENSTEGELDE BETAAL MOET WORD. VAN LOSSEERDERS WORD VERWAG OM N BEDRAG VAN R7-00 EN R10-00 PER MAAND, AFHANGENDE VAN DIE VERTREK WAT HULLE BEWOON , AAN DIE HUISHUURDER TE BETAAL. HUURDERS MET AFTREKORDERS WAS VERSOEK OM DIE AFTREKKING BY HULLE WERKGEWERS TE KANSELLEER DEUR TE DRUK UIT TE OEFEN OP DIE WERKGEWERS. OOK IS DAAR NA BEWERING AAN SEKERE PERSONE HUISE TOEGEKEN EN ANDER OMGERUIL SONDER DIE WETE VAN HIERDIE KANTOOR.

IV. ALHOEWEL SWART PERSONEEL TOEGELAAT SAL WORD OM DIE NOODSAAKLIKE DIENSTE BINNE DIE WOONGEBIED TE VERRIG WORD BEPLAN OM DIE GESEKONDEERDE AMPTENARE TE VERWYDER.

V. DIT WAS GENOEM DAT DIE VOORSITTERS VAN DIE VERSKILLENDE WYKSKOMITEES WEER EEN OF ANDER BEHEERLIGGAAM (RAAD) SAL VORM NADAT SEKERE TAKE EERS AFGEHANDEL IS.

VI. DIE VOORMALIGE BURGEMEESTER WAT N PROMINENTE ROL IN BOVERMELDE VERBAND SPEEL SAL TER GELEGENER TYD N PERSKONFERENSIE MOET HOU OM HOM TEEN DIE STELSEL VAN SWART PLAASLIKE OWERHEDE UIT TE SPREEK AANGESIEN SY TOESPRAAK VAN TWEE WEKE GELEDE TYDENS N BEGRAFNIS NIE VOLDOENDE GEAG WORD NIE. MNR. TINI, MET HELPERS, IS TANS BESIG OM SY BEGRAFNISONDERNEMINGSBESIGHEID SO GOU MOONTLIK TERUG IN BESIGHEID TE KRY AANGESIEN HY SAL MOET BEDANK BY DIE DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING VOORDAT HY VERMELDE PERSKONFERENSIE KAN HOU. HY HET OOK 10 KISTE AAN DIE SLAGOFFERS VAN DIE INSIDENT OP 21 MAART 1985 GESKENK EN SAL DIE BEGRAFNIS BEHARTIG.

VII. SY PRIVAAT VOERTUIG WORD VIR ENIGE DOEL WAARVOOR DIE UDF DIT NODIG AG GEBRUIK. VERGADERINGS WORD OOK OP N GEREELDE BASIS DEUR DIE GROEPE BY SY PRIVAAT WOONHUIS GEHOU.

VIII. AL DIE INLIGTING WAS OP 9 APRIL 1985 AAN DIE VEILIGHEIDSPOLISIE OORGEDRA MET DIE VERSOEK OM DIE JUISTHEID DAARVAN TE BEVESTIG. DAAR IS NOG GEEN TERUGVOERING VAN HULLE ONTVANG NIE.

IX. U SAL ONVERWYLD VAN ENIGE BEVESTIGING OF BYKOMENDE INLIGTING IN KENNIS GESTEL WORD. HAAL AF.

3. NAVRAE: [redacted]
TEL 012 - 291 2468.

EINDE FINALE DEEL VAN TWEE

BT

NNNN

GEHEIM
SECRET